Hoërskool Brackenfell
Privaatsak X03
Brackenfell
7561
Tel: 021 981 5522
Faks: 021 981 6023
E-pos: staff@ brackenfellhs.co.za

HOËRSKOOL BRACKENFELL HIGH SCHOOL

Brackenfell High School
Private Bag X03
Brackenfell
7561
Tel: 021 981 5522
Fax: 021 981 6023
E-mail: staff@ brackenfellhs.co.za

TAALBELEID VAN DIE HOËRSKOOL BRACKENFELL

1 . Agtergrond

Ingevolge die skolewet (Wet 84 van 1996) gelees in artikel 6, voorsiening die wet dat die Skoolbeheerliggaam die taalbeleid van h skool kan bepaal.
Ingevolge vermelde mandaat word die taalbeleid as volg bepaal:

2. Taal van leer en onderrig

Afrikaans en Engels is die tale van onderrig en leer. In graad 8 en 9 word parallelmediumonderrig gevolg en in graad 10-12 word klasse in dubbelmedium onderrig.

Gr. 8 en 9: Parallelmedium (moedertaalonderrig)
Gr. 10 12: Dubbelmedium (biede tale in een klas) Afrikaans en Engels word dus op 'n 50/50 basis onderrig.

Dit impliseer dat 'n leerder in die VOO-fase in beide Afrikaans en Engels onderrig in dieselfde klas gaan ontvang. 'n Leerder moet dus bedrewe wees in beide die tale omdat dit beteken dat nie alles in die leerder se huistaal herhaal gaan word nie.

In die AOO-fase sal leerders in Afrikaans of Engels onderrig ontvang. Leerders wat dus aan die einde van die fase nie in staat is om in beide tale klasonderrig te ontvang nie, moet toegang tot 'n skool soek waar in die leerder se taalvoorkeur onderrig gegee word. Die skool en sy die bestuur kan nie in sulke gevalle aan leerders toegang tot sodanige skole verseker nie. Ouers van sodanige leerders sal sterk aangemoedig word om hulle kinders uit die staanspoor in te skryf in skole waar aan hul taalvoorkeur voldoen word.

3. Tale wat as vak onderrig word

Afrikaans en Engels word as vakke aangebied volgens die tydstoewysing wat deur die leerplanne bepaal word.

4. Hersiening van die beleid

Die beleid sal hersien word met die verkiesing van die nuwe SBL.

RB CN LM

5. Beskerming van die regte van leerders in geval van 'n beleidsverandering

Indien die taalbeleid van die skool verander, sal die skool die nuwe taalbeleid infaseer sodat leerders nie in die middel van hul skoolloopbaan ontwrig word nie nie.

6. Taal van assesering

AOO-fase: Afrikaans of Engels (Leerder se keuse)
VOO-fase: Afrikaans of Engels (Leerder se keuse)

7. Taal van kommunikasie met ouers

Meesal in parallelmedium, maar soms ook in dubbeEmedium.

8. Die ontwikkeling van veeltaligheid

Die skool bevorder veeltaligheid deur die aanbieding van :

Afrikaans as Huistaal en as Eerste Addisionele Taal vir leerders in Graad 8-12.

Engels as Huistaal en as Eerste Addisionele Taal vir leerders in Graad 8-12

Graad 8-9 parallelmedium onderrrig en Graad 10-12 word dubbelmedium klasse op 'n 50/50 basis aangebied wat veeltaligheid verder bevorder.

Kommunikasie in die skool word as beginsel gehandhaaf deur beide tale op 'n 50/50 basis te bevorder.

9. Planne om taalaanleerbehoeftes van minderheidsgroepe te akkommodeer

Leerplanne maak nie voorsiening om nuwe taal in AOO-fase aan te leer nie. Gevolglik kan die skool dit nie begin nie.

10. Planne om status van inheemse tale te bevorder

Die vak Lewensoriëntering bevorder die gebruik van inheemse tale en leer leerders respek vir mekaar se tale — veral die derde amptelike taal van die Wes-Kaap.

Die inheemse taal Afrikaans word by skool aangebied.

11. Personeelvoorsiening

Indien daar enige uitbreiding van taalaanbieding is, moet SBL daarvoor betaal. Vanweë uitbreiding van fisiese geriewe en personeel voorsiening is daar nie fondse om voorsiening daarvoor te laat in die afsienbare toekoms.

12. Voederskool en hoër skool

Tans is die taalbeleide met die oog op die onderrigtaal van die voederskool en die hoër skool in harmonie.

LM CN

13. Planne t.o.v. leermateriaal

Die tale van onderrig en leer en die tale as vak se onderrigmateriaal word volledig voorsien.

14. Boekhouding van taalversoeke

Die sekretaresse wat die inskrywings hanteer, sal boekhou van taalversoeke waaraan ons nie kan voldoen nie. Die versoeke sal op 'n kwartaallikse basis aan die OBOS deurgegee word.

15. Tydsraamwerke met implimentering van beleid

Die beleid is reeds in werking. Veranderinge sal op 'n ad hoc-basis hanteer word.

16. Ouervergaderings

Ouervergaderings word in dubbelmedium aangebied. Onderhoude met Ouers word in die taalvoorkeur (Afrikaans / Engels) van die ouer gevoer.

Geteken: _____
SBL VOORSITTER

Datum: _____